Die oorlog wat ons veg | 11 Junie 2023 | Ds. Teodor van der Spuy

tvanderspuy@moreleta.co.za

Inleiding

Ons maak nie altyd genoeg van die effek van die sondeval in ons lewens nie. Die kultuur waarin ons lewe probeer aan ons te verkoop dat daar maniere is om die pyn, teleurstelling en mismoedigheid van lewe op planeet aarde te kan vermy. Dit is nie die waarheid nie. Elkeen van ons is besig om goed te beveg in ons lewens waarvan ander mense min verstaan. Om 'n volgeling van Jesus te wees maak dit nie noodwendig makliker nie. Dit gee wel vir ons 'n hoop wat nie beskaam nie maar dit beteken nie die oorlog in hierdie lewe is verby nie.

Wenke vir leier

Hierdie is 'n geleentheid om dieper vertroue in die groep te kom vestig. Voor ons nie oor ons diepste bekommernisse met mekaar kan praat nie sal die verhoudinge in die kring altyd platonies van aard wees. Wees ook bewus van die gevare om jou pêrels vir die varke te gooi. Dis die kringleier se werk om veilige spasies van vertroue te skep.

Lees saam

2 Korintiers 12:7-10

Gesels saam

1. Wat is van die gevegte wat jy weet mense in jou nabye omgewing besig is om te veg?
2. Wat dink jy was Paulus se doring in sy vlees?
3. As die groep gemaklik en naby aan mekaar leef. Wat is van die gevegte wat jy in jou eie lewe veg waarvan mense maar kan weet?

Doen saam

Skryf op 'n papiertjie wat net jy kan lees jou grootste swakheid of die grootste doring in jou vlees. Dit behoort te verskil van dit wat jy met jou kring sopas gedeel het. Dit is dalk 'n geheim wat min mense van weet. Skryf dit neer.

Skryf verder op die papiertjie die naam van die een persoon wat jy glo jou sal kan bystaan in hierdie swakheid of doring in jou vlees.

Hou die papiertjie of gooi dit weg. Die oefening is bloot vir iemand om te oefen hoe om goed na die lig te bring en om eerlik met jouself te wees.

Dink nou verder hoe hierdie persoon jou sal kan bystaan en vra vir die Here hoekom hierdie persoon in jou gedagtes ingekom het.

Bid saam

Is daar gevegte wat ons as kring namens ander kan veg wat nie 'n stem het nie? Is daar sake na aan die kring se hart wat julle voor kan opstaan as vlagdraers?

Vra dat die Here vir julle 'n passie sal gee vir hierdie sake.

Leer meer / kyk weer

Kliek hier

Kliek hier om weer te kyk.

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100

Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke -
076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum
wholeness@moreleta.co.za
012 997 8035